

# BASIESE FEITE OOR DIE WET OP DIE BEKAMPING VAN VERKRAGTING



FEITEBLAD

Gender Research & Advocacy Project  
LEGAL ASSISTANCE CENTRE  
Windhoek, Namibia, 2008

## Wat is verkragting?

Verkragting is die “doelbewuste uitvoering van ’n seksuele daad onder omstandighede van dwang” (met ander woorde sonder die persoon se toestemming).

Beide ’n man en vrou kan verkrag word.

’n “seksuele daad” is:

- die insit van die penis in die vagina, mond of anus van ’n ander persoon
- die insit van enige gedeelte van die liggaam van ’n mens of dier in die vagina of anus
- die insit van enige voorwerp in die vagina of anus
- orale stimulering van die vroulike of manlike geslagsorgane
- enige ander vorm van geslagsorgaan stimulering.



“Omstandighede van dwang” is wanneer ’n persoon gedwing of gedreig word byvoorbeeld:

- fisiese geweld of dreigemente
- dreigemente om enige ander skade aan ’n persoon te verig
- ’n persoon nie in die posisie is om van ’n spesifieke situasie te kan vlug nie
- waar dit nie moontlik is om ’n sekere situasie te verhoed nie, soos byvoorbeeld wanneer ’n persoon dronk is/onder die invloed van verdowingsmiddels verkeer/slaap of gestremd is
- die beskuldigde voorgee om ’n ander persoon te wees of voorgee dat wat gebeur nie ’n seksuele daad is nie
- meer as een persoon gebruik word om die persoon te intimideer om seksueel te verkeer
- die een persoon 14 jaar oud is en die ander persoon meer as 3 jaar ouer is.

## Post-exposure Prophylaxis (PEP)

Dit is baie belangrik dat alle oorlewende slagoffers van verkragting MIV toetse en berading moet ondergang. Die medisyne word PEP genoem en moet so gou as moontlik gebruik word nadat die verkragting plaasgevind het. Dit is gratis as jy nie daarvoor kan betaal nie.

## Verkragting binne die huwelik

’n Huwelik verhoed nie verkragting nie. As ’n man of vrou sy/haar huweliksmaat forseer om seks te hê, dan is dit verkragting.



Verkragting by verkragting, al vind dit ook plaas binne die huwelik!

## Wat om te doen as jy verkrag is

### Hou al die bewyse

- Moenie bad nie.
- Moenie ander klere aantrek nie.
- Moenie die plek skoon maak waar die verkragting plaas gevind het nie.
- Plaas al die bewyse in papier. Moenie dit in ’n plastiek sak plaas nie.

### Gaan na die polisie of ’n Vrou-en Kinderbeskermingseenheid

Meld die verkragting aan by die polisie sodat die persoon wat jou verkrag het, gevang kan word. Jou informasie sal privaat gehou word en so ook die hofverhoor.

### Gaan na ’n dokter, kliniek of hospitaal

Jy moet so gou moontlik ’n dokter of verpleegster gaan sien. Die dokter kan vir jou medikasie gee om MIV infeksie, seksuele oordragbare infeksies en swangerskap te verhoed weens die verkragting.



## Wat as jy swanger sou raak weens verkragting?

As jy swanger word as gevolg van die verkragting, is jy geregtig om ’n wettige aborsie te verkry. Jy moet ’n swangerskaptoets onmiddelik doen indien jou volgende maandstonde laat is en jy moet jou dokter vertel dat jy ’n aborsie wil hê.

Vir meer inligting raadpleeg gerus die Legal Assistance Centre se Gids oor Die Wet op die Bekamping van Verkragting.



Befondsing:  
Embassy of the French Republic  
Legal Assistance Centre  
P.O. Box 604, Windhoek, Namibia  
Tel. 061-223356

